



# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

## Internasionale verhoudinge 320 (IPL 320)

<b>Kwalifikasie</b>	Voorgraads
<b>Fakulteit</b>	<a href="#">Fakulteit Geesteswetenskappe</a>
<b>Modulekrediete</b>	30.00
<b>Programme</b>	<a href="#">BAdmin Openbare Bestuur en Internasionale Verhoudinge</a> <a href="#">BA</a> <a href="#">BPolSci Internasionale Studies</a> <a href="#">BPolSci Politieke Studies</a> <a href="#">BSocSci Bedryfsosiologie en Arbeidstudies</a> <a href="#">BSocSci Filosofie, Politiek en Ekonomie</a>
<b>Diensmodules</b>	Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
<b>Voorvereistes</b>	PTO 101, IPL 210(GS), 220(GS), 310(GS)
<b>Kontaktyd</b>	3 lesings per week
<b>Onderrigtaal</b>	Module word in Engels aangebied
<b>Departement</b>	Politieke Wetenskappe
<b>Aanbiedingstydperk</b>	Semester 2

### Module-inhoud

Veiligheid- en strategiese studies

'n Studie van tradisionele en kontemporêre benaderings tot veiligheid en strategie. Aandag word geskenk aan nuwe teorieë oor oorlog, veiligheid en strategie; militêre en nie-militêre bedreigings vir nasionale veiligheid en menseveiligheid; die nasionale veiligheid van ontwikkelende state; asook die verhouding tussen beleid, strategie en taktiek. Laasgenoemde sluit 'n inleidende oorsig in van die aard, vlakke, patrone, vorms en instrumente van strategie, en van oorlogsreg. Die nasionale, regionale en kontinentale veiligheidsituasie in Afrika en vorms van multilaterale veiligheidsamewerking in die besonder word ontleed, ook in verhouding tot buite-kontinentale tendense. Wat die voorafgaande betref, word klem geplaas op die regs- en institusionele raamwerk, nasionale veiligheidsbeleid en strategiese ingesteldheid van Suid-Afrika.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.